

HOOFSTUK 2

BESKRYWING VAN DIE KLINIEKSKOOL LOOPSPRUIT

1. Inleiding

In hierdie beskrywing word 'n objektiewe, en so volledig moontlike beeld verstrekk van die Kliniekskool soos dit tans daar uitsien, en funksioneer, met die oog op eventuele blootlegging van die leemtes en voortrefflikhede daarvan. Die volgende aspekte sal besondere aandag geniet:- 1) die doel, 2) die inhoud, 3) die metodes, 4) die tug, 5) die evaluering, diagnostisering en desertifisering, 6) die personeel, 7) die administrasie, 8) die skoolgeboue en toerusting, 9) die gronde, 10) die finansiering, 11) die beheer, 12) die leerlinge, 13) die koshuise, en 14) die terapeutiese diens.

2. Die doel¹⁾

Die uitgangspunt van die werk wat aan die Kliniekskool verrig word, gaan om die volgende :

- (a) Die diens van God, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; die Oorsprong en Bron van alles wat bestaan.
- (b) Die versorging van pasiënte (leerlinge) wat Hy aan die skool gestuur het, en die personeel wat Hy gekies het om die kinders te help, want die skool is besig om mense vir die koninkryk van God te lewer.
- (c) Die diens van die volksaak, wat op hierdie stadium van ons volkslewe, gesien in die lig van die wêreld se gesindheid en norme, eis dat elke seun en dogter geestelik en fisies ten volle toegerus en weerbaar gemaak moet word, ten einde te voorsien in die toenemende behoefte aan voldoende vroue- en mannekrag, en te verseker dat ons die stryd om voortbestaan sal wen.

In die lig van die voorgaande is die onmiddellike doelstelling van die Kliniekskool rehabilitasie en voorkoming, sodat 'n verdere en eventuele totale ontsporing van die kind nie plaasvind nie, en hy teruggelei word na die pad wat heenlei na volwaardige aanpassing²⁾.

-
1. Mondelinge onderhoud gevoer met die Skoolhoof, mnr. M.P.A. van der Walt; vgl. ook Handleiding vir die Kliniekskool Loopspruit, 1954.
 2. Die Verslag, p. 66.

In die praktyk kom dit daarop neer dat getrag word om kinders met afwykende gedrag op te vang voordat hulle met die gereg in botsing kom en na nywerheidskole gekommitteer word, en te voorkom dat hulle die stigma hiervan asook die van die Kinderhof sal dra¹⁾. Die opvoeding van die gemoed, en die verwydering van emosionele spanninge is primêr, en daarom val die klem wat die Kliniekskool betref op herstel, genees en heraanpas²⁾. Ten einde dit te bewerkstellig word leerlinge wat na die Kliniekskool verwys is, tydelik uit hulle gesinne en skole weggeneem.

Aansluitend en geïntegreerd hiermee, beoog die skool om die pasiënt se gewone opvoedende onderwys voort te sit.

3. Die inhoud

Hierdie aspek van die Kliniekskool bestaan uit die kurrikulum en ekstra-kurrikulêre of buiteskoolse aktiwiteite, wat 'n heilsame invloed op die rehabilitasieproses van die kind uitoefen.

(a) Die kurrikulum en sillabusse

Dit is dieselfde as die wat in die gewone provinsiale laer- en middelbare skole gevolg word dog, vir die enkele verstandsafwykende leerlinge word die sillabusse vir spesiale skole gevolg³⁾.

In hierdie verband het ervaring geleer dat daar nie onoorkomelike probleme ontstaan i.v.m. vakkeuse en die aanbieding van vakke by die Kliniekskool, wanneer leerlinge van gewone skole hierheen oorgeplaas word nie⁴⁾; en dat 'n keuse tussen wiskunde en tikskrif - waar eersgenoemde deur die oorgrote meerderheid seuns en laasgenoemde verkieslik deur meisies geneem word. Waar leerlinge Boekhou neem, bied die Kliniekskool Handel as aanvullende vak daarby aan⁵⁾.

1. Kliniekskool Loopspruit. Notules van die Adviesraad, 1968: Die doel van die Kliniekskool opgestel deur die skoolhoof.
2. Ibid. Die rehabilitasie aan die Kliniekskool Loopspruit, p. 1; vgl. ook die Verslag, p. 67 en Memorandum opgestel deur die Adviesraad, 1963, p. 6.
3. T.O.D. Finale leergang vir (verskillende vakke) die laerskool. Grade - st. V, 1967; Ibid. Finale sillabus vir (verskillende vakke) standers V1, V11 en V111, 1968; Ibid. Konsepleergange vir Aardrykskunde, Geskiedenis en Gesondheidsopvoeding in die Spesiale Skool.
4. Onderhoud gevoer met die skoolhoof.
5. Ibid.

Samevattend is die beginsel wat die Kliniekskool in die praktyk volg dus: Om die groots moontlike verskeidenheid vakke vir die middelbare skole aan te bied.

(b) Die ekstra-kurrikulêre of buiteskoolse aktiwiteite

'n Groot verskeidenheid ekstra-kurrikulêre aktiwiteite word aan die Kliniekskool beoefen, te wete:

(i) Sport en spel

'n Leerling wat by die skool aankom kry geleentheid om so gou as moontlik met spel in die klinieke te begin. Vir die kleiner kinders is daar poppe, karretjies ens. om mee te speel.

Die kinders doen voorts mee aan vry spel, d.w.s. alle vrye tyd moet omskep word in 'n spel wat die kind self skeep, soos bv. die bou van paaie en huise, bal skop, „cow-boys en crooks“, perdry, karretjie ry, stap en ander. Die onderwyser speel saam, help skeep, en gee leiding aan die kinders.

Daar is ruim geleentheid om aan georganiseerde sportsoorte en spele deel te neem, en om self organisasie daarvan uit te bou soos bv. rugby en sokker vir seuns, en korfbal vir die meisies; verder is daar tennis, swem en atletiek waaraan seuns en meisies kan deelneem.

(ii) Kulturele aktiwiteite

- 1) Historiese dae word as funksies by die skool gevier, waarheen ook mense van die omgewing uitgenooi word.
- 2) Die kinders kry leiding om 'n taaltrots op te bou, en van die onderwysers word verwag om in hierdie opsig 'n navolgingswaardige voorbeeld te stel.
- 3) Die kinders beoefen volksang, en doen volkspele.
- 4) Opvoedkundige uitstappies word onderneem na monumente, historiese plekke en ander.
- 5) Die hele kurrikulum van die skool leen hom uitstekend vir die kulturele opvoeding van kinders waaraan die onderwyspersoneel 'n doelbewuste aandeel het.
- 6) Die leerlinge word op hoogte gehou van die huidige wêreldgebeure.
- 7) Die bekende debatsvereniging herleef in die klaskamers en op Saterdag word daarna uitgesien.
- 8) Potchefstroomse instansies stuur by talle geleenthede toneelopvoerings,

konserter, kore ens. na die Kliniekskool.

- 9) Ook die film word gebruik, en die keuse van geskikte rolprente word in goeie hande gestel.
- 10) Die radio, met goeie programme, word benut.

(iii) Stokperdjies word beoefen en baie sterk aangemoedig. Voorsiening word in hierdie opsig gemaak vir 'n groot verskeidenheid aktiwiteite vir seuns en meisies.

(iv) Arbeidsterapie

Dit is 'n noodsaaklikheid by die Kliniekskool en is die praktiese weg wat gevolg word om kinders opbouend besig te hou met allerlei aktiwiteite, ook van die plaas, want hulle leer om dinge te skep, dit te voltooi en die produk van hulle eie werk te waardeer. Arbeidsterapie verskaf aan hulle prestasiegenot en innerlike arbeidsvreugde.

(v) Die kadetbeweging is belangrik vir daarstelling en inoefening van dissipline en 'n fiere houding by die seuns.

(vi) Eredienste en katkisasie

Dit word gereeld elke Sondagmiddag en -oggend, respektiewelik gehou deur predikante, wat ook elke Woensdagmôre met die skoolopening 'n boodskap aan die leerlinge bring. Die skool hou 'n voorraad Bybels aan wat aan kinders gegee word as hulle daarvoor kom vra uit 'n innerlike behoefte.

4. Die metodes van onderwys en terapie

Volgens Departementele voorskrif val die hoofklem op remediële behandeling, beide sielkundig en skolasties, waarin die skolastiese werk nie die hoofsaak nie en dus van sekondêre belang is, en alleen gedoen word om die heraanpassing van die leerlinge by die gewone skool te vergemaklik. Die hoofsaak hier is die heroriëntasie van die kind se hele persoonlikheid soos wat in 'n kliniek en behandelingsentrum gedoen word¹⁾.

Die vertolking²⁾ wat die Kliniekskool aan die Departementele voorskrif gee,

1. Die Verslag, p. 71-72.

2. Kliniekskool Loopspruit. Notules van die Adviesraad; Ibid. Memorandum opgestel deur die Adviesraad, p. 7-9.

soos dit in die praktyk uitkristalliseer, is dat daar met die remediële behandeling beoog word om die kind in die opvoedingsituasie ook sielkundig te behandel en skolasties aan te pas, sodat hy weer normaal op skool kan vorder en presteer, en desgewens in sy ou skoolsituasie teruggeplaas kan word as n herstelde leerling, of, as hy op 21-jarige ouderdom die skool verlaat, hy die samelewing kan binnegaan as n normale mens.

In hierdie herstelproses of rehabilitasie- en heropvoedingsproses verloop die behandeling in breë trekke soos volg:-

- (a) Die Kliniekskool moet ten alle tye n terapeutiese klimaat hê, d.w.s. vandat n kind vir die eerste keer daar aanland moet hy/sy die rustigheid, kalmte en terapie aanvoel, en hom/haar tuis voel. In die proses van kennismaking word sy/haar gesindheid gebou.
- (b) Die kliniese sielkundiges sorg vir die individuele psigoterapeutiese behandeling, terwyl die hele inrigtingsorganisasie so saamgestel is en funksioneer as eenheidsverband dat groepsterapie n belangrike hulpmiddel is in die hele proses van heropvoeding en rehabilitasie.

Gesertifiseerde leerlinge word so gou as moontlik aanvaar net soos hulle is, en met psigoterapeutiese hulp word geleidelik gevorder waardeur hulle progressief in staat gestel word om te konsentreer en skolasties te vorder.

Die meeste leerlinge van die Kliniekskool het in n meerdere of mindere mate skolastiese heraanpassing nodig. Om dit te bewerkstellig, geniet elke kind individuele aandag, en word grotendeels gebruik gemaak van die individuele onderwysmetode. Die kind ontvang leiding van die onderwyser en werk volgens eie tempo, selfkompetisie en vermoë die skoolleerplanne deur. Daardie faktore wat spanninge in die skoolwerk veroorsaak, word sover as moontlik is uitgeskakel, en daar moet verder vermeld word dat vakonderwys in die laerskoolafdeling van die Kliniekskool geen plek het nie¹⁾.

- (c) Op didaktiese vlak word daar aan die Kliniekskool besondere aandag bestee aan die metode van aanbieding van die leerstof. Elke onderwyser/es

1. Onderhoude gevoer met die Skoolhoof en Inspekteur van onderwys.

ontvang van die skool sekere dokumente¹⁾ met inligting wat leiding in verskillende fasette van die opvoedkundige praktyk bied. Hoofsaak hier, is die remediërende aard van die onderwys waarvan die hooflyne die volgende is:-

- (i) Remediërende onderwys in die Kliniekskool is 'n sekere soort, en vorm van hulp aan leerlinge wat oor 'n normale en bonormale intelligensie beskik, maar wat om die een of ander rede nie volgens hierdie vermoëns presteer nie.

1. Die Notules van die Kliniekskool bevat o.m. die volgende dokumente opgestel deur die Skoolhoof:-
- a) 'n Stel voorskrifte m.b.t. persoonlike kwaliteite van onderwysers t.o.v. voorkoms, eienskappe, gesindheid, menseverhoudings ens.
 - b) Voorskrifte i.v.m. opvoedkundige praktyk soos beplanning en voorbereiding, klaskamerpraktyk, produktiwiteit, kinderwerk, taalbevoegdheid, buitemuurse aktiwiteite, organisasie en administrasie.
 - c) Voorskrifte i.v.m. die kuns om les te gee met inagneming van die volgende:- doel, inhoud, metodes, apparaat, hersiening van die les met aandag aan o.m. die voorbereiding, die skep van die vereiste opvoedingsituasie en 'n atmosfeer van geborgenheid, boei aan 'n les, nie voorlees nie, beheers die stof - elke les is 'n afgeronde geheel, aksie-, gebare-, toneelspel en dramatiseer, gebruik van apparaat - hulpmiddels vir aanskouing, ook die werklike voorbeelde, doelgerigtheid, gebruik van die teenwoordige tyd, slot van 'n les.
 - d) Kontrole en nasorgwerk oor skriftelike werk van leerlinge t.o.v. die doel van nasienwerk, ontleding van probleme en die toepas van beproefde tegnieke na die eise van omstandighede.
 - e) 'n Stel voorskrifte waarin leiding gegee word i.v.m. wedywer (kompetisie) t.o.v.:- i) gesonde en ongesonde wedywer en die gevolge daarvan, ii) die toepassing van selfwedywer en die invloed op verskillende tipes leerlinge en iii) die invloed van selfwedywer op alle tipes leerlinge as 'n hulp- en opvoedingsmiddel.
 - f) Leiding i.v.m. kulturele opvoedingsaktiwiteite wat o.m. maatskaplike aanpassing bevorder in die proses van heropvoeding en rehabilitasie.

- (ii) Remediërende onderwys begin by die klasonderwyser, en het ten doel om leerlinge te verlos van swak leergewoontes, en hulle te help om die regte leergewoontes aan te kweek.
 - (iii) Dit wil leerlinge sodanig vorm en hulle help om so te ontwikkel dat elkeen sy of haar eie probleme persoonlik kan aandurf, dit self kan verwerk en oplos volgens eie persoonlike vermoë.
 - (iv) Remediërende onderwys beoog dus bereiking van die verwagte normale peil van skolastiese prestasie nadat die siektetoestand verwyder is. Remediërende onderwys in die skolastiese betekenis sluit dus die heraanpassing in, in sowel die pedagogiese as die didaktiese situasie.
 - (v) Remediërende behandeling en onderwys in die Kliniekskool is streng individueel, en vereis dat 'n gedragsafwykende kind in 'n pedagogies-kliniese situasie geplaas word, met 'n doelbewuste strewe om die oorsake van vertraging te verwyder¹⁾. Hierdie situasie pas aan, en is ingeskakel by die hele terapeutiese aard, die heropvoedings- en rehabilitasie-opset van die Kliniekskool.
- (d) Alle ekstra-kurrikulêre aktiwiteite is gerig op, en lewer 'n bydrae tot sosiale aanpassing omdat elke kind daardeur voortdurend in kontak kom met ander in talryke groepsituasies. Hierdeur word 'n positiewe bydrae gelewer tot ewewigtige sosialisering, waarby ook ingeslote is die wek van 'n besef van eiewaardigheid in die proses van sosiale bruikbaarmaking.

5. Die tug²⁾

Tug word toegepas volgens die beginsels neergelê in departementele voorskrifte en is 'n vereiste by die heropvoedings- en rehabilitasieproses van die leerlinge. 'n Besondere kenmerk van hierdie tug of dissipline is dat dit berus op gesag deur God verleen, en dat dit in liefde toegepas word, sodat die reddende hand eerder lei wat innerlike en spontane gehoorsaamheid tot vrug het, as die afdwing van tug met uiterlike dwangmiddels.

1. Kliniekskool Loopspruit. Notules van die Adviesraad, 1968; vgl. ook Memorandum opgestel deur die Adviesraad, p. 7.
2. Die Verslag, p. 69.

Binne hierdie kader het die Kliniekskool 'n besondere siening, en interpretasie van orde en tug ontwikkel, wat die vrug van die ervaring van meer as 'n tiental jare is. Orde kan in die Kliniekskool nie geskei word van tug nie, want die een is die voorwaarde vir die bestaan en funksionering van die ander. Opsommend kan die volgende oor tug en orde in die Kliniekskool¹⁾ gestel word:-

- (a) Orde en tug, in alle situasies in die skool, die koshuis en by alle buiteskoolse aktiwiteite, berus op die bekwaamheid van die onderwyser wat dit handhaaf.

Iedere onderwyser moet egter daarna strew om, na vermoë, sodanige tug uit te oefen dat gunstige toestande geskep word om die doel met die werk te bereik, die leerling tot gedrae aktiwiteit te motiveer daarvoor dat 'n effektiewe opvoedingsituasie geskep word, en dat voorsiening gemaak word dat straf onmiddellik op oortreding volg.

- (b) Twee metodes van tughandhawing word in die Kliniekskool toegepas, te wete die indirekte metode, wat insluit stimuli tot die nodige aandag, belangstelling, selfwerkzaamheid en gehoorsaamheid; en die direkte metode wat o.m. die volgende insluit:

- (i) Tug met die oog. Dit is 'n privaat-persoonlike middel om te regeer, te lei en te rig, en is effektief om die aandag van almal in die klas te kry.
- (ii) Tug met die woord. Dit sluit, o.m. in die verheffing of daling van die stem, stilbly, die noem van 'n kind se naam, vermaning, berisping ens. Die onderwyser moet egter steeds sy waardigheid en verantwoordelikheid besef, want 'n skreeuende, uitskellende en spotdrywende onderwyser kan beswaarlik 'n opvoeder genoem word.
- (iii) Tug met die daad. Dit geskied onder meer, deur afsondering, bv. deur 'n kind na skool te hou of tot 'n koshuis te beperk; strafwerk; en liggaamlike straf. Laasgenoemde word slegs in die uiterste gevalle toegedien as 'n laaste redmiddel.
- (iv) Beloning. Dit is 'n vorm van tug wat kan meehelp om kinders op die regte

1. Die Kliniekskool Loopspruit. Notules van vergadering 8 Februarie 1968: Orde en tug op Loopspruit.

pad te hou, of na die regte pad te bring as hulle afgedwaal het. Die ervaring het geleer dat die kinders van die Kliniekskool besondere behoefte het aan motivering deur 'n goeie woordjie, 'n bemoediging, 'n sterretjie ens. Dit word egter met oorleg toegepas, omdat die kinders uiteindelik moet leer om die goeie self te kies en te doen, sodat hulle kan kom tot selftug.

- (c) Die beginsels waarvolgens tug in die Kliniekskool toegepas word is volledig uiteengesit en omvat die volgende:
 - (i) Elke onderwyser moet self tug uitoefen, want hy alleen is die gesagsdraer.
 - (ii) Die hele klas moet nooit vir 'n enkeling se oortreding gestraf word nie.
 - (iii) Tugtiging van 'n leerling moenie die klasatmosfeer versteur nie.
 - (iv) Tug moet altyd op 'n onpersoonlike en objektiewe wyse uitgeoefen word.
 - (v) 'n Kind moet nooit in die openbaar en voor ander gestraf word nie.
 - (vi) Maak seker dat die skuldige gestraf word, en straf eers nadat so 'n kind oortuig is van sy oortreding.
 - (vii) Die onderwyser moet nie 'n kind straf as sy eie gemoed versteur is nie, want die goue reël is tog immers: wag eers 'n bietjie, tree gelykmatig op en straf in liefde.
 - (viii) Liggaamlike straf moet streng volgens die Departementele voorskrifte en regulasies in die skool en koshuis toegepas word. As 'n onderwyser dit nie nakom nie, doen hy dit op eie risiko en kan hy nie aanspraak maak op die skoolhoof en die inspekteur van onderwys se beskerming nie.
 - (ix) Liggaamlike straf moet te alle tye gesien word as 'n tugmiddel, en nie as 'n vergeldingsmiddel nie.

6. Evaluering, diagnostisering en desertifisering

Die Kliniekskool maak, netsoos die gewone skool, in die eerste plek gebruik van toetse en eksamens om te bepaal wat die mate van kennis is wat die leerlinge in hulle skoolvakke behaal het.

Verder gebruik die Kliniekskool ook gestandaardiseerde skolastiese en ander

toetse¹⁾ om die swak plekke in die kind se skoolwerk op te spoor, en om die mate van vordering in die voorgeskrewe skoolwerk vas te stel.

Verdere hulpmiddels ter evaluering en diagnostisering is:

- (i) Die leerlinge se verstandelike vermoë word vasgestel deur die gebruik van verskillende verstandstoetse²⁾.
- (ii) Met behulp van die voorgemelde gegewens word die prestasie kwasiënte van die leerlinge bepaal.
- (iii) Daar word gebruik gemaak van 'n reeks diagnostiese toetse en projeksie-tegnieke³⁾ om spesifieke swakhede by leerlinge op te spoor. Die onderwyser hanteer sekere diagnostiese toetse, en stel ook sy eie toetse op, want hy weet immers waarom dit gaan en watter swakhede hy wil opspoor.

1. Vgl. die volgende uitgawes van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing:

Handleiding vir die stilleestoetse; Voorlopige handleiding vir die N.B.-rekentoetse; Manual for the silent reading tests; Afrikaanse stilleestoetse. Junior A en B en senior A en B; English silent reading tests. Junior A and B and senior A and B; vgl. ook Du Preez van Wyk, A.H. Skolastiese toetse in Onderwysbulletin, iv (2), 1959.

2. Die nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets en Die Individuele Intelligensietoets. (S.A. uitgawe van die Termantoets).
3. Benewens waarneming van die leerling in die opvoedingsituasie word die volgende weë en middele aangewend om 'n totaalbeeld van die kind te verkry: verstandshandelings-, ontwikkelings-, skoolvorderings- en skolastiese toetse, asook projeksie- en waarnemings-tegnieke, bv. Die Individuele Intelligensietoets; observasietegnieke soos die „Guide it“, Kohs- en Wigglyblokke; die Rorschach-inkvlektegniek; kombinasies van tematiese projeksietegnieke; grafiese selfekspresie soos die tekening van bome, 'n huis, die mens, asook vrye assosiasietekeninge; die Warteggteknentegnik; skooltoetse in verskillende didaktiese situasies o.m. 'n lees-, taalstruktuur- en 'n rekentoets.

- (iv) Verder word aspekte van aanpassing ondersoek met behulp van die Aanpassingsvraelys, die Gedragsskattingskaal (Bylae A), die Verslag van voordeuring van werkseienskappe (Bylae B) en die Daaglikse verslag van die klas-prefek (Bylae C)¹⁾.

Met al die voorgenoemde gegewens tot die beskikking van die Kliniekskool, kan die psigoterapeutiese arbeid momentum kry om die oorsake van die swakhede en vertraging te verwyder, waardeur die skool dan met waaragtige remediërende behandeling, d.i. sielkundig en skolasties kan vorder.

Desertifisering van leerlinge geskied volgens Departementele voorskrif²⁾: Leerlinge wat volgens die oordeel van die Kliniekskool gerehabiliteer is, word op aanbeveling van laasgenoemde instansie teruggeplaas in hulle vorige skool en ouerhuis, ander skool en koshuis, of, wanneer hulle die boonste grens van skoolplig bereik, word hulle toegelaat om die samelewing in te gaan soos normaal aangepaste mense.

7. Die personeel

Die personeelvoorsieningskaal berus op die getal leerlinge op die rol op die tiende dag van die vierde skoolkwartaal. Hiermee behou die Kliniekskool sy kernpersoneelsterkte vir kontinuïteit in die nuwe skooljaar.

- (a) Die Kliniekskool het 'n eie gradering en postestruktuur met ooreenstemmende salarisskale vir sy onderwyspersoneel, te wete: Die Kliniekskool word gegradeer as 'n H2 vir 300 en minder leerlinge, maar word 'n H1 wanneer 300 en meer leerlinge in die skool toegelaat is³⁾.
- (b) Die Hoof is behoorlik opvoedkundig en sielkundig onderlê en is verantwoordelik vir die hele organisasie en vir die doelgerigte funksionering van die Kliniekskool as 'n pedagogies-psigoterapeutiese inrigting in 'n kosskoolsituasie. Op grond hiervan voorsien die Hoof voortdurende indiensopleiding vir sy nuwe onderwysers, en hy woon op die skoolterrein in 'n huis wat die departement voorsien.

-
1. Die Aanpassingsvraelys van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing; Bylaes A; B; en C; van die Kliniekskool.
 2. T.O.D. Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole, p. 71 vir die prosedure van desertifisering van leerlinge.
 3. Ibid. Omsendbrief nr. 110 van 1968.

- (c) Waar die Kliniekskool as H2 gegradeer is, het dit net een vise-hoof wat in alle opsigte die hoof se regterhand is, wat namens hom optree as hy miskien nie beskikbaar is nie, en wat ook op die terrein in 'n departementele huis woon.
- (d) In die sekondêre afdeling van die inrigting is elke derde assistentpos 'n pos vir 'n senioronderwyser, terwyl elke tweede assistentpos in die primêre afdeling 'n senioronderwyserspos is.
- (e) Die onderwyspersoneel bestaan uit mans- en damesonderwysers wat verantwoordelik is vir klas- en vakonderwys in die laer- en hoër-afdeling respektiewelik, maar die metode van aanbieding van die leerstof in albei afdelings is hoofsaaklik individueel van aard. Alle onderwysers doen mee aan die terapeutiese werk en die remediërende behandeling, asook aan buitemuurse aktiwiteite. Sover as wat moontlik is word onderwysers voorsien van departementele huise op die skoolterrein.
- (f) Die tegniese personeel bestaan uit 1 hout- en metaalwerkinstrukteur en 1 naaldwerk-huishoudkundige instruktrise vir die seuns en meisies respektiewelik.

Hierdie onderwysers doen uiters belangrike werk want vir remediële behandeling is arbeidsterapie 'n noodsaaklikheid, daar dit 'n baie belangrike komponent in psigoterapie en heraanpassing vorm¹⁾. Dit bevorder, o.m., herstel van gemoedsrus deur prestasiegenot. Die onderwyser-instrukteur lei die kind langs die praktiese weg d.m.v. sy stokperdjie tot meer effektiewe sosiale en emosionele aanpassing.

- (g) Die liggaamlike opvoeding word behartig deur opgeleide onderwysers, nl. 1 man en 1 dame. Die liggaamlike opvoeding is nie net ingeskakel op bevordering van normale fisies-psigiese groei en ontwikkeling nie, dog - tesame met die verskillende sportaktiwiteite - word dit as terapeutiese middel betrek insoverre energie op gesonde wyse gekanaliseer en emosionele ontlading bevorder word.
- (h) Spesiale voorsiening is gemaak vir 3 onderwysers: 2 mans en 1 dame wat in die nag toesig by die seuns en meisies respektiewelik moet hou, en wat moet rapporteer oor die nagtelike gedrag van die kinders.

- (i) Die Kliniekskool het 3 sielkundiges indiens: 2 mans wat hoofsaaklik die seuns, en 1 dame wat die meisies sielkundig behandel. Hierdie klinies-sielkundiges is opgeleide, deeglik onderlegde vakkundiges, wat tegelyk ook gekwalifiseerde onderwysers is. Die remediërende sielkundige behandeling wat hierdie onmisbare mense aan die kinders in die Kliniekskool lewer, is van fundamentele belang in die hele opset van die inrigting. Die sielkundiges ressorteer vir administratiewe doeleindes onder die hoof van die Kliniekskool, en professioneel onder die hoofsielkundige van die Onderwysdepartement. Hulle woon noodsaaklikerwys op die skoolterrein in departementele huise.
- (j) Die Kliniekskool beskik voorts oor die dienste van etlike assistent-sielkundiges. Hulle is verbonde aan die klinieke in die onderskeie streke, en nie aan die personeel van die Kliniekskool nie. Hulle was voorheen bekend as besoekende onderwysers¹⁾ en in Amerika word hierdie amp genoem "the visiting teacher"²⁾. So n persoon is n opgeleide onderwyser, vrygestel van skooldoseerwerk³⁾ en voorsien van n motorvoertuig. Hy beskik oor agtergrondskennis t.o.v. maatskaplike werk en van diagnostisering van gedragsafwykinge by leerlinge, en is daarop ingestel om hulle in die gesinseenheidsverband te behandel, en kinderaanpassing te bewerkstellig deur motivering ens. Verder dien hulle as skakel om wanverhoudings tussen ouers en kinders enersyds, en andersyds tussen die kinders en die skool behoorlik te vertolk, met die doel om daadwerklik n oplossing vir elke afsonderlike probleem te vind⁴⁾. Hierdie amptenare is dus onderwysers met maatskaplike werk agtergrond en nie maatskaplike werkers nie, en besoek die Kliniekskool een keer per maand, om die wisselwerking tussen huis en skool te koördineer.

Aangesien assistent-sielkundiges toegang tot, en kontak met die skool het maar tegelyk ook met die gesinsituasie, word baie waardevolle informasie langs hierdie kanale bekom.

Deur bemiddeling van hierdie amptenare word die verskillende welsynsdienste en kerklike organisasies gemobiliseer, en word die hulp van maatskap-

-
1. T.O.D. Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole, p. 68-69.
 2. Die Verslag, p. 65; Culbert, J.F. The visiting teacher at work, p. 64.
 3. Die Verslag, p. 65.
 4. Rivlin, H.N. Educating for adjustment, p. 64.

like werkers en skoolverpleegsters ingespan vir 'n gedeelte van die heropbouwerk van die gesinsbehandeling ter plaatse¹⁾. Die assistent-sielkundige tree op as koördinator tussen die betrokkenes in die huis en skool, en gebruik die gegewens wat die genoemde organisasies verskaf om intensiewe gesinsbehandeling toe te pas en nasorgwerk te doen. Die ondervinding het geleer dat „..... visiting teachers are able to achieve better adjustment of behaviour-problem children“²⁾.

- (k) Iedere koshuis het 'n huisvader of -moeder, dis inwonende onderwyspersoneel met die verantwoordelikheid om toesig te hou oor die netheid en ordelikheid van die kamers van die seuns en meisies in die koshuise, oor studie en oor gedrag in die eetsaal.
- (l) Die gewone koshuispersoneel word op dieselfde grondslag voorsien as vir gewone departementele koshuise. Van die matrone en assistentmatrones word egter - benewens toesig oor voeding, linne en die netheid van die geboue - ook verwag om aandag te skenk aan die kleding van die inwoners³⁾. Hierdie dames speel derhalwe 'n rol in die arbeidsterapie.
- (m) Die mediese personeel sluit in 1 ten volle gekwalifiseerde verpleegsuster aan diens in die hospitaal van die Kliniekskool. Sy doen die ander deel van die moeder se werk en beskik oor 'n mate van agtergrondskennis van die kosgangers, en is die sielkundiges - veral met die meisies behulpsaam. Sy het ook 'n gekwalifiseerde junior verpleegsuster in diens.
- (n) Die distriksgeneesheer vul die mediese personeel aan. Hy is op bepaalde dae van die week by die hospitaal te Potchefstroom beskikbaar vir mediese hulp en behandeling aan diegene wat magtiging van die landdros verkry het en wat as sorgbehoewend verklaar is. Ook word gebruik gemaak van die dienste van goedgesinde geneeshere wat selfs snags na die Kliniekskool reis in geval van ernstige siektegevalle, en wat geen vergoeding vra nie.
- (o) Ook 'n skooltandarts word op sekere dae van die week besoek. Soos in die geval van die distriksgeneesheer word ook die pasiënte vir tandheelkundige behandeling na die hospitaal op Potchefstroom vervoer deur die skoolverpleegsuster.

1. Rivlin. Educating for adjustment, p. 64.
 2. School and society.
 3. T.O.D. Omsendbrief nr. 80 van 1969.

- (p) Vir die kleinere werke, bv. vensterruite insit, deurslotte herstel, verstopte pype skoonmaak ens. wat mag voorkom, word 'n faktotum voorsien.
- (q) Die plaasbestuurder organiseer alle dienste soos in Die Verslag uiteengesit om die hele Kliniekskool soveel moontlik, wat voedsel betref, selfvoorsienend en selfversorgend te maak. Hy beheer alle fasette van die plaasboerdery en die personeel in sy diens.

8. Die administrasie

Dit is in breë trekke dieselfde as vir enige gewone Provinsiale skool, maar omdat die volgende aspekte anders is, geniet hulle besondere aandag:-

- (a) Die administratiewe personeel, wat die Hoof in 'n besondere mate bystaan, bestaan uit 2 voltydse sekretaresse-tiksters wat alle dokumente, skoolstate en stukke wat in 'n gewone skool gebruik word plus die talle dokumente, state, vorms en geskrifte wat slegs die Kliniekskool gebruik, moet hanteer. 'n Verdere 2 deeltydse tiksters help met die werk.
- (b) Die toelating van leerlinge verg besondere aandag, want die leerlinge wat tot die Kliniekskool toegelaat word is gedragsafwykende kinders wat deur die sielkundiges van die Transvaalse Onderwysdepartement gesertifiseer is. Hulle is kinders met normale en bonormale verstand maar wat skolasties min of meer 1 tot 2 jaar vertraag is. Die I.K. van leerlinge is vir toelating tot hierdie inrigting belangrik. Die onderste grens behoort op 80 gestel te word maar, omdat frustrasies e.a. faktore veroorsaak dat hierdie tipe leerlinge laer toets as wat hulle behoort te toets, word leerlinge met 'n I.K. van 75 nog tot die Kliniekskool toegelaat. Hierdie tipe leerlinge - Afrikaans- en Engelssprekende seuns en meisies, word enige tyd gedurende die jaar toegelaat.

Tot op datum word sub-normale leerlinge wat in spesiale skole vir verstandelik vertraagdes en agterlikes tuishoort nog tot die Kliniekskool Loopspruit toegelaat¹⁾.

Alle verwysings na die Kliniekskool is voorlopig, omdat 'n observasieperiode noodsaaklik is vir verdere ondersoek, en eers daarna vind finale toelating plaas. Leerlinge kan aanbly totdat hulle 21 jaar oud is, d.w.s. as die rehabilitasie so lank duur.

1. Vgl. die kwartaalstate van die Kliniekskool vir 1953 tot 1969 en Die Verslag, p. 77-78.

- (c) Die voorsiening van klere - praktiese, sindelike en eenderse uniforms vir seuns en meisies - geskied deur die Kliniekskool self. Hierdie skema is vanaf 1967 in werking en skakel allerlei frustrasies en spanninge by leerlinge uit. Die voorsiening van hierdie uniforme skooldrag is voorts noodsaaklik, omdat kinders wat na die Kliniekskool verwys word dikwels met vodde vir klere en flenters vir skoene daar aanland. Die skool het sy eie skoenmaker wat die leerlinge se skoene herstel en versool.
- (d) Die lewensmiddele soos hareborsels, kamme, waslappe, tandepasta, skoenspolitoer ens. moet deur die inrigting aan feitlik alle leerlinge verskaf word, omdat die ouers nie hulle verantwoordelikhede en pligte nacom nie.
- (e) Oor die algemeen gee ouers aan hulle kinders in die Kliniekskool sakgeld waarmee hulle versnaperinge en lekkers kan koop by geleentheid van opvoedkundige toere of sportwedstryde ens. Die inrigting administreer alle sakgeld.
- (f) Geen klas of standerd in die Kliniekskool is groter as 15 leerlinge per onderwyser nie¹⁾.
- (g) Alle onderwysers is verantwoordelik om toesig te hou: elkeen se oë en ore moet oop wees binne die klaskamers, in die koshuise, eetsaal, op die speelgronde, in alle afdelings van die georganiseerde sport, gedurende leerlinge se vrye tyd, ontspanning en beoefening van stokperdjies ens. Leerlinge mag slegs briewe skryf aan ouers en dié word gekontroleer. Die personeel van die Kliniekskool moet weglopers met hulle eie motors soek en terugneem skool toe, dit is veral na skoolvakansies nodig.
- (h) Die administrasie van sielkundige dienste behels die byhou en liasseer van verskillende vorms en state ten opsigte van elke gesertifiseerde leerling tot op die tydstip dat desertifisering plaasvind. Alle gegewens word saamgevat in die persoonlike lêer van elke leerling.
- (i) Die administrasie van mediese en tandheelkundige dienste vereis dat sekere vorms ingevul, deur die hoof onderteken en vir goedkeuring na die landdros geneem moet word.
- (j) Ook die koshuis- en boerderypersoneel het sekere voorrade en gegewens wat gereeld op state bygehou moet word.

1. Die Verslag, p. 61.

- (k) Die verslae oor nasorgwerk wat deur die assistent-sielkundiges gedoen word, word ook in die persoonlike lêers van gesertifiseerde en gedesertifiseerde leerlinge geplaas. Die sielkundiges maak terdeë daarvan gebruik, en dit verstrek 'n beeld van die vrug van die nasorg en van die rehabilitasie in die gesinne.

Die skoolgeboue en toerusting

Die skoolgebouekompleks bestaan uit 'n administratiewe blok wat die kantore van die hoof, visehoof, die sekretaresse-tiksters, die voorraadkamers en die personeelkamer insluit.

Hierdie blok skakel met 'n moderne, goed toegeruste biblioteek wat verbind is met die skoolklaskamers, almal met noordelike stoep en vensters. Dit vorm 'n winkelhaak met verdere klaskamers in 'n reghoekvorm waarvan die twee bene nie met mekaar verbind is nie.

Die skoolklaskamers is verbind met die moderne skoolsaal wat toegerus is met opgestopte stoele, 'n groot verhoog, verhoogligte en 'n filmprojektorkamer. Die nodige latrines is beskikbaar vir die personeel en die leerlinge.

Saam met die biologiesklaskamer of -laboratorium en 'n kunskamer, is daar eweneens twee goed toegeruste sentrums: een vir hout- en metaalwerk, en een vir naaldwerk-huishoudkunde.

Verder het die skool twee uiters moderne sielkunde klinieke, toegerus o.m. met eenrigting observasieglas. 'n Verdere twee klinieke word eersdaags aangebou.

Die telefoondiens is doeltreffend met die skool en die hoof se woonhuis verbind, om 'n 24-uur diens per dag te verseker.

Die gronde

Die terrein beslaan 54 morges en is geleë in die stil en rustige plaasomgewing van die landbouhoewes van die Klipdriftdam omtrent 14 myl oos van Potchefstroom, op die spoorlyn na Fochville en Vereeniging, en sowat 50 myl vanaf Johannesburg.

Die skoolgebouekompleks, die koshuise, onderwyserswonings en sportvelde beslaan sowat 14 morges, sodat daar omtrent 40 morges plaasgrond oorbly vir bewerking en besproeiing.

Die sportvelde bestaan uit die volgende: twee sokkervelde, met 'n atletiekbaan om die een, 'n rugby- en krieketveld, 'n hokkieveld, twee netbalbane, vier tennisbane, jukskeibane, 'n skyfskietbaan, 'n groot sandput en 'n swembad, waarin seuns en meisies op verskillende tye apart swem.

11. Die finansiering

Die Transvaalse Onderwysdepartement voorsien dieselfde subsidie per kosskoolleerling as vir die gewone provinsiale skoolkoshuise. Dieselfde geld vir die toewysing vir die aankoop van skoolboeke - voorraad, kunsvlyt- en voorrade vir die twee sentrums en vir die laboratoriums. Ook geld die randvir-randstelsel vir die aankoop van goedgekeurde toerusting. Die Departement het verder die swembad vir die Kliniekskool gebou en 'n skoolbus geskenk. Die inrigting is egter verantwoordelik vir die onderhoud van albei, dog die brandstof vir die vervoer van die leerlinge word teen 'n tarief deur die skool aan die departement terugbetaal.

Verder ontvang die Kliniekskool vanaf 1967 R800 per jaar vir die skoolfonds¹⁾. Hierdie geld word hoofsaaklik aangewend vir die aankoop van skoolkleredrag en herstel van skoene, en het aan die einde van die 1969-finansiële jaar 'n tekort van oor die R200 op die genoemde items getoon.

Die inrigting ontvang ook jaarliks skenkings van goedgesinde lede van die publiek, wat aangevul word met klein bydraes wat enkele ouers van die kinders in die Kliniekskool vrywillig tot die skoolfonds maak.

Die inrigting betaal ook etlike van die kinders se reisgeld na hulle ouerhuise en terug vir vakansies.

'n Volledige staat van inkomste en uitgawes word jaarliks volgens Departementele voorskrif, ingedien. Die inkomste uit die plaasboerdery en die subsidiegelde wat vir die losies van onderwysers en leerlinge ontvang word, word ook saamgevat in die balansstaat wat die Onderwysdepartement vereis.

12. Die beheer

Die Kliniekskool ressorteer, soos alle provinsiale skole, onder die Transvaalse Onderwysdepartement met sy skoolrade, inspekteurs van onderwys, inspekteurs van voorrade ens.

-
1. Die Adviesraad van die Kliniekskool het aanbeveel dat hierdie bedrag vanaf 1970 verhoog word tot R1,000 per jaar.

Verder vorm die Adviesraad die skakel tussen die Kliniekskool en die Departement. Die Adviesraad adviseer die skoolraad t.o.v. behoeftes aangaande geboue en gronde, terwyl dit via die skoolhoof en die kringsinspekteur die Departement nader t.o.v. interne sake soos gelde, personeel, toerusting ens.

Die samestelling van die huidige Adviesraad toon dat die lede deeglike kennis besit van Opvoedkunde, Sielkunde, Sosiologie, Medisyne en Psigiatrie, Regte, Maatskaplike Werk, Welsynwerk, en Ekonomie, en dat hulle oor grondige algemene kennis beskik van seuns en meisies.

Die benadering van sy taak deur die Adviesraad is soos volg:-

- (a) Die Adviesraad aanvaar dat die Kliniekskool Loopspruit 'n inrigting is vir die behandeling van gedragsafwykende leerlinge.
- (b) Die Adviesraad besef die noodsaaklikheid van hierdie inrigting, het die grootste waardering vir die onbaatsugtige diens wat hier gelewer word, en het daarom o.a. 'n aandeel in die aanbeveling vir benoeming van onderwysers.
- (c) Waar die Adviesraad die mondstuk en skakel tussen die reeds genoemde instansies vorm, beskou hy dit as deel van sy funksies om probleme en leenttes, waarvan hy bewus is, aan hulle voor te lê met die doel om by te dra tot die doeltreffendheid van hierdie inrigting, en met die oog op die verdere uitbouing daarvan na gelang van veranderde omstandighede.

13. Die leerlinge

Liggaamlike afwykende of gestremde en verstandelik vertraagde leerlinge besoek spesiale skole, terwyl slegs die gedragsafwykendes veronderstel is om die Kliniekskool te besoek¹⁾. Daarom moet die doel en taak van hierdie skool geheel-en-al verskil van die spesiale skole vir bv. verstandelik afwykende kinders.

Gedragsafwykings by leerlinge wat na die Kliniekskool verwys word kan in die volgende kategorieë geplaas word²⁾: 1. Stokkiesdraai. 2. Onbeheerbaarheid. 3. Diefstal. 4. Aggressie. 5. Weglopery. 6. Seksprobleme. 7. Leuentaai. 8. Leeglopery. 9. Vloek- en vuil taal. 10. Vernielsug. 11. Afknouery. 12. Woedebuie.

Hierdie manifestasies van gedragsafwykinge by leerlinge moet gesien word as

1. T.O.D. Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole, p.65.
2. Die Kliniekskool het hierdie indeling in kategorieë in 1963 gemaak wat ooreenstem met die hooflyne in Die Verslag, p. 36-40.

simptome van die werklike persoonlikheidsdesorganisasie. Dit is van belang om daarop te let dat die stokkiesdraaier se persoonsbeeld meer kompleks van aard is, omdat meer as een van die simptome by hom geïdentifiseer word. Stokkiesdraai staan derhalwe eerste in die kategoriese indeling.

Dit is verder van belang om daarop te let dat simptome wat elders versteek was, in die reël in die Kliniekskool ontbloot word.

In weerwil van die reëling dat slegs gedragsafwykende leerlinge die Kliniekskool moet besoek, word daar nogtans van tyd tot tyd ook verstandsafwykendes daarheen verwys (vgl. tabel 2).

TABEL 2

Verstandsafwykende leerlinge in die Kliniekskool Loopspruit gegroepeer volgens ouderdom¹⁾.

Groepering volgens ouderdom.	Gemiddelde I.K. van groep.	Getal in klas of groep.	St. V1-sertifikaat verworf.	Ouderdom van groep.
Spes. juniors	74.0	6		10jr. 4m.
Spes. middel	72.5	22		14jr. 10m.
Spes. seniors	72.1	19	9	16jr. 10m.
Totaal	-	47	9	-

Gegewens verstrek deur die skoolhoof, volgens 'n statistiese opname in 1963.

Aangesien leerlinge op enige tydstip van 'n skooljaar na die Kliniekskool verwys, en ook gedesertifiseer word, fluktueer die inskrywing aanmerklik deur die loop van die jaar. So byvoorbeeld is 111 leerlinge gedurende 1963 gedesertifiseer, maar is die volgende inskrywing gedurende die jaar gemaak (vgl. tabel 3).

TABEL 3

Leerlinge toegelaat tot die Kliniekskool Loopspruit gedurende 1963¹⁾.

Maand	Leerlinge toegelaat
Januarie	10
Februarie	13
Maart	14
April	6
Mei	22
Junie	7
Julie	11
Augustus	18
September	10
Oktober	10
November	12
Desember	0
Totaal	133

1. Gegewens verstrek deur die skoolhoof, volgens 'n statistiese opname in 1963.

Dit val voorts op dat daar, volgens die statistiese opname vir 1963 gemaak, in daardie jaar 182 Afrikaanssprekende pasiënte teen 50 Engelssprekendes was.

14. Die koshuise

Koshuise bestaan uit groot afsonderlike eenhede vir seuns en meisies met enkele kleiner huiseenhede. Om verstaanbare redes woon leerlinge nooit alleen in kamers nie, hulle moet in groepe saamwoon, en hulle word om verstaanbare redes saam geplaas. Die kleiner huiseenhede word benut as 'n stelsel van erkenning, aansporing tot en bevordering van goeie gedrag - hierin woon die prefekte. Alle koshuisvensters is voorsien van diefstaling.

Die inwoners is elkeen verantwoordelik vir reinheid en netheid van hulle kamers, gange, badkamers en latrines, m.a.w. elkeen is afsonderlik en gesamentlik verantwoordelik vir koshuisdienste onder toesig van die huisvaders en -moeders. Alle diensdoende onderwysers is huisvaders en uit hulle geleedere word daar 'n senior huisvader benoem; alle diensdoende onderwyseresse word huismoeders genoem. Die doel hiermee is om die klem te verskuif na die opvoeding in die koshuise¹⁾.

Verder voorsien die Kliniekskool huisvesting aan oor die 200 leerlinge²⁾ met 'n maksimum van 250. Die verhouding seuns tot meisies bly min of meer konstant op 3 tot 1.

Die gemeenskaplike eetsaal vir seuns en meisies dien die gesamentlike doel van die aanleer van goeie gewoontes en maniere wat, na die voorbeeld van die inwonende personeel, 'n sterk invloed uitoefen op die heropvoeding en heraanpassing van die kinders. Die kosskoollewe dra die meeste by tot die rehabilitasie van die kinders³⁾ en voldoen in elke kind se basiese behoeftes aan 'n goeie dak oor die hoof, 'n skoon bed en warmte, genoeg voedsel volgens voorskrif vir 'n gebalanseerde diëet, veiligheid en liefde, en verwyder baie frustrasies en spanninge in die ontloadingsproses.

Die onderwysdepartement het 'n spesiale toegewing aan die Kliniekskool gemaak t.o.v. toerusting van die koshuise aangesien slytasie van beddegoed, lakens, slope en handdoeke baie hoog is vanweë die simptome soos verniel-sugtigheid. Vervangings word derhalwe beskou as aanvangsuitrusting, dog elke geval word op meriete beoordeel, en deeglike toesig word veronderstel.

15. Die terapeutiese diens

Hierdie diens geskied in terme van remediële behandeling waar die kind in 'n klinies-sielkundige internaat geplaas word en 24 uur per dag en 7 dae per week behandeling ontvang. Dit omsluit opvoedkundig-sielkundige behandeling, en word hoofsaaklik binne, dog ook buite, die sielkundige kliniek ondergaan.

1. T.O.D. Omsendbrief nr. 80 van 1969.
2. Die Verslag, p. 67.
3. Notules, 1968 en onderhoud met die Hoof.

Hierdie diens bestaan uit die verwerf van 'n volledige persoonsbeeld van die pasiënt en die diagnostisering van die afwyking, die remediëring, en die nasorg en evaluering van sukses.

(a) Die verwerf van 'n persoonsbeeld

Ten einde 'n volledige persoonsbeeld te konstrueer maak die Kliniekskool gebruik van die volgende verslae:-

- (i) 'n Persoonlike verslag van die skool waarvandaan die gesertifiseerde leerling kom;
- (ii) 'n verslag van die assistent-sielkundige, insluitende die uitkomst van projeksie- en ander sielkundige toetse wat voor sertifisering uitgevoer is;
- (iii) 'n volledige anamnese en
- (iv) die Ed.Lab.-kaart.

Uit hierdie verslae is alle basiese besonderhede omtrent die gesertifiseerde leerling vir die Kliniekskool bekend, soos bv. sy/haar ouderdom, huistaal, skoolvordering, aard van die afwyking en verwysing, I.K., skolastiese prestasie, fisiese toestand, vertraging, getal skole besoek, die huislike milieu, gesinsamestelling, ouerverhoudinge, omgewing en finansiële toestand.

Met die oog daarop om, met in agneming van die voorgaande, so 'n volledig moontlike persoonlikheidsbeeld van die gedragsafwykende kind te konstrueer, word verskillende diagnostiese e.a. toetse en projeksietegnieke deur die sielkundiges van die Kliniekskool toegepas. Die volgende is die vernaamste hiervan:

- (i) Die Individuele Intelligensietoets en Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groep-toets¹⁾ verskaf 'n syferwaarde vir die verstandspeil. Laasgenoemde kan aantoon of die kind bo- of onderkant die gemiddelde is; in watter opsigte 'n kind bo- of onderkant sy ouderdomsgroep presteer, en observasie verskaf gegewens m.b.t. senuweeagtigheid, goue moed opgee, intensionele gerigtheid ens.
- (ii) Die Aanpassingsvraelys van bg. Buro is 'n betroubare instrument²⁾, om leerlinge met aanpassingsprobleme te sif. Die gekontroleerde onderhoud

1. Van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.
2. Van Niekerk, D. An evaluation of the adjustment questionnaire, p. 43.

dek vrae op die individuele en sosiale gebied van aanpassing in tien velde, en meet die volgende: gevoelens van selfvertroue, eiewaarde, persoonlike vryheid, aanvaarding en erkenning; sosiale verhoudinge; simptome van senuweeagtigheid of gespannenheid; morele houding; huislike verhoudinge; skoolverhoudinge; en emosionaliteit.

- (iii) Die persoonlikheidsvraelys van Bernreuter¹⁾ bestaan uit ses verskillende persoonlikheidskale waarmee die volgende ses persoonlikheidstrekke gelyktydig gemeet kan word: neurotiese neiging of emosionele onstabieliteit, selfgenoegsaamheid, introversie - ekstroversie, dominerende - onderwerping, selfvertroue, en sosialiteit.
- (iv) Projeksietegnieke. By die toepas hiervan²⁾, gee die proefleier opdragte aan die proefpersoon wat na prente kyk, en lg. gee vrye loop aan sy verbeelding en vertolk die prente verhalend. Die proefpersoon kan nie los of weg van die prente fantaseer nie, en gevolglik projekteer hy hom in die figure wat hy skeep.

Die Tematiese Appersepsietoets (T.A.T.)³⁾ bestaan bv. uit 'n aantal swart en wit prente en 'n blanko kaart. Wanneer 'n seleksie van bepaalde prente gemaak word om sekere persoonlikheidseienskappe te ondersoek en noukeurig te ontleed, word die betroubaarheid van die T.A.T. verhoog deur die interpretasie van die lewende verhaal en die hoeveelheid daarvan wat die proefpersoon lewer by die voorlegging van die prente aan hom.

- (v) Struktuurtoetse. Dit sluit, o.m., die tekening van die menslike figuur, die boomtekeningtoets, die Szonditoets en die Rorschachtoets in. Die tekening van die menslike figuur is 'n aanvullende⁴⁾ toets om verdere persoonlikheidstrekke bloot te lê, of om dit te kontroleer wat reeds gevind is. Die proefpersoon kry opdrag om met 'n potlood 'n hele persoon op 'n vel papier te teken, en as dit klaar is om die papier om te draai en 'n hele persoon van die teenoorgestelde geslag te teken. 'n Sistematiese

1. Bernreuter, R.G. The personality inventory aangevul deur Flanagan, J.C. Factor analysis in the study of personality en La Grange, A.J. Persoonlikheidsvraelys.
2. Van Lenep, D.J. Psychologie van projectieverschijselen, p. 10-12.
3. Rapaport, D. Diagnostic psychological testing, p. 395-459.
4. Anderson, H.H. en Anderson, G.L. An introduction to projective techniques, p. 342.

ontleding van die tekening „is a tool to be used by a craftsman“¹⁾ want dit bied vir die kenner insig in die beeld van die tekenaar se persoon²⁾, en is 'n waardevolle hulpmiddel om sy verlangens, innerlike verwarring, drange, behoeftes, probleme, ens. bloot te lê. Die boomtekeningtoets vereis van die proefpersoon om 'n potloodtekening van 'n boom te maak, en daarna op die anderkant van die papier 'n tweede boom sonder blare en vrugte soos dit in die winter lyk. Hierdie toets handel meer oor wat die tekenaar doen, en verskaf verdere insae in die persoon, wat kan help „to obtain at least an idea of the total personality in its deeper layers of being“³⁾. Die boomtekeningtoets het terapeutiese waarde vanweë die feit dat dit kan help om die aanleg van die persoon vas te stel, en dit 'n praktiese en spontane middel is om deur arbeid opgekropte emosies en spanninge te ontlaai.

Die Szonditoets het ten doel „to reflect personality as a functioning, dynamic whole“⁴⁾. Dit is egter tydrowend en baie ingewikkeld⁵⁾. Dit bestaan uit ses stelle van agt kaarte met gesigfotos van pasiënte met afwykings, te wete „a homo-sexual, a sadist, an epileptic, an hysteric, a catatonic schizophrenic, a paranoid schizophrenic, a manic-depressive and a manic-depressive manic“⁶⁾.

Die toets word soos volg uitgevoer: Uit 'n definitiewe volgorde kies die proefpersoon agtereenvolgens uit die ses stelle kaarte elke keer die twee fotos waarvan hy die meeste, en twee fotos waarvan hy die minste hou. Hierna kies hy uit die 12 fotos waarvan hy die meeste gehou het vier fotos, in volgorde van voorkeur. Vervolgens word dieselfde gedoen met die fotos waarvan hy die minste hou. Die resultaat word op 'n kaart ingevul. Die proefleier moet die toets minstens 6 keer herhaal,

-
1. Anderson, H.H. en Anderson, G.L. An introduction to projective techniques, p. 341.
 2. Nel en Esterhuysen. Die tekening van die menslike figuur as 'n projeksietegniek, p. 23.
 3. Koch, C. The tree test, p. 5.
 4. Deri, S. Introduction to the Szondi test, p. 7.
 5. Anderson et. al. An introduction to projective techniques, p. 509.
 6. Ibid., p. 499.

maar verkieslik 10 keer, met 'n tydverloop van een dag tussen die toetse. Hierin gaan dit om 'n selfweergawe van die proefpersoon, om sy innerlike drange, verlangens ens. bloot te lê. Hierdie toets werp lig op die innerlike spanninge en op die wyse waarop hy dit hanteer of verwerk teen die agtergrond van sy basiese behoeftes en dryfvere.

Die Rorschach Inkvlektoets¹⁾ verskaf o.a. die volgende gegewens:- Hoe die kind sy probleme sien en benader, sy tyd beheer; die kind se vermoë om sy reaksies te organiseer; en sy bekwaamheid om sy gevoelens te beheers as dit opgewek word deur wat hy sien. Hierdie gegewens dien as materiaal vir evaluering van 'n proefpersoon se gedrag en openbaarveral sy subjektiewe, persoonlike onbestendighedsfaktore.

Die voorgaande toetse kan alternerend toegepas word om die resultaat of bevindinge van die persoonlikheidstrekke oor en weer vas te stel en te kontroleer.

Met hierdie gegewens, en dit wat tevore genoem is by die bespreking van evaluering en diagnostisering²⁾, kan 'n volledige persoonlikheidsbeeld van die gedragsafwykende leerling gekonstrueer word, kan 'n prognose geskied en terapie beplan word.

- (b) Die remediëring in die Kliniekskool is opvoedkundig en psigoterapeuties „in which the relationship between the therapist and patient changes the dynamic structure of the patient's emotional life and effects emotional release. The relationship develops both the patient's insight into personality structure and a restructuralization of his own personality”³⁾.

Die grondvereiste vir geslaagde terapie is die skep van 'n persoonlike geborgenheids—vertrouensverhouding in die terapeut-ontspoorde-kindverhouding waar die terapeut die belewingswêreld van die gedragsafwykende kind betree en verstaan. Hierop kan die instrumente voorsien en gebruik word om in te gryp in die persoonlike lewe van die kind, en kan die algemeen aanvaarde waardes en norme gestel word wat die kind moet insien en aanvaar.

1. Dewey, R. en Humber, W. An introduction to social psychology, p. 213.
2. Vgl. par. 6 hierbo.
3. Kuble, L.S. aangehaal deur Bühler, C. in Childhood problems and the teacher, p. 287.

Die gedragsafwykende kind word gelei om homself te sien, sy skuld te erken, self die mure van ontsporing en belemmering af te breek¹⁾, sy probleme te verwerk en self op te los²⁾. Terselfdertyd is fisiese³⁾ en psigies-emosionele motivering⁴⁾ baie noodsaaklik, maar so ook sosiale en geestelik-religieuse motivering wat kontak na buite, en aanpassing op verskillende terreine⁵⁾ van die lewe vir die kind moontlik maak. Teen hierdie agtergrond lewer die volgende terapeutiese werkvorme⁶⁾ 'n besliste bydrae tot remediëring van die gedragsafwykende leerling:-

- (i) Mediese hulp in engere sin, nl. behandeling met medisyne; materiële voorsiening; en fisiohygiëniese maatreëls.
- (ii) Milieubehandeling.
- (iii) Psigoterapie: kondisionering of gewoontevorming, psigologiese behandeling, reëdukasie, en psigoterapie, te wete individueel-psigologies en psigoanalities.
- (iv) Pedoterapie, nl. pedagogiese behandeling in die skool; en korrektiewe hulp, te wete didakties-psigologiese hulp en ekspressiewe hulp (spel, handarbeid, teken, ens.)

1. Birch, D.A. A motivational interpretation of extinction in Nebraska symposium on motivation, 179-197, 1961; Johdai, K. A field theory of extinction and spontaneous recovery in Psychological review, 63: 243-248, 1956; Razran, G. Extinction re-examined and re-analyzed. A new theory in Psychological review, 63: 39-52, 1956.
2. Mowrer, O.H. On the dual nature of learning - a reinterpretation of "conditioning" and problem solving in Harvard educational review, 17: 102-148, 1947.
3. Spock, B. The pocket book of baby and child care.
4. Ellis, N.R. The immediate effects of emotionality upon behavior strength in Journal of experimental psychology, 54: 339-344, 1957.
5. Mowrer, O.H. en Jones, H. Habit strength as a function on the pattern of reinforcement in Journal of experimental psychology, 35: 293-311, 1945.
6. Van Gelder, L. Ontsporing en correctie, p. 230, 231; A.P.T.O. Massachusetts: Goals of therapy in Journal of offender therapy, 3(3), 1955.

Dit dien beklemtoon te word dat, benewens die sielkundiges, die hele personeel by die terapie betrek word, sodat elkeen sy deel daartoe kan bydra om emosionele probleme op te los en skolastiese en sosiale aanpassing te bevorder¹⁾.

(c) Nasorg en vasstelling van die mate van sukses behaal met die terapie.

Die Nasorgdiens van die Kliniekskool geskied onder toesig van die assistent-sielkundiges en bestaan in die eerste plek uit gesinsrehabilitasie waarmee gedurende die tweede skoolvakansie, wanneer die leerling tuis gaan kuier, begin word. Nasorg word voortgesit nadat die leerling die skool verlaat het. Hy ontvang voortgesette leiding en motivering ter aanvaarding van sy verantwoordelikheid en inpassing. Gereelde verslae word deur die assistent-sielkundiges opgestel waarvan die Kliniekskool en die Onderwysdepartement se sielkundige diens afskrifte ontvang. Tsbare bewyse van die welslae en dankbaarheid van gedesertifiseerde leerlinge is te vinde in briewe wat hulle aan die hoof van die Kliniekskool skryf.

In besonder moet vermeld word dat die skool, onder leiding van die hoof, uit sy pad gaan om gedesertifiseerdes in geskikte werk geplaas te kry en om werkgewers te oortuig dat die gedesertifiseerdes, wat in diens geneem word, geen stigma hoegenaamd dra of moet verkry nie, en dat hulle gereed is vir indiensneming.

Ten einde te bepaal welke mate van sukses behaal word met die rehabilitasie van gedragsafwykende leerlinge in die Kliniekskool, is 'n sistematiese opname in 1963 uitgevoer²⁾.

Dit blyk dat daar besondere sukses behaal word met skolastiese rehabilitasie, soos blyk uit tabel 4.

Ehler, Ch. et. al. Childhood problems and the teacher, p. 288-313;
 Vgl. ook:- Desoto, C.B. Learning a social structure in Journal of abnormal and social psychology, 60(3): 417-421, 1960; Back, K. Influence through social communication in Journal of abnormal and social psychology, 46(1): 9-23, 1951; Lewis, D.J. Stimulus, response, and social role in Journal of social psychology, 50(1): 119-127, 1959.

n Volledige verslag van die opname is by die skoolhoof beskikbaar.

TABEL 4

Die skolastiese bevordering van leerlinge aan die Kliniekskool
Loopspruit gedurende 1963¹⁾.

Klas of st.	Ouderdom vir normale vordering	Ouderdom vir vroeëre of latere ontluiking	Kliniekskool se gemiddelde ouderdom per standerd	Gemiddelde I.K. per standerd	Slaag	Druip	Tot.
Gr.1	6jr. tot 7+	6jr. tot 8+					
" 11	7 " 8+	6 " 9+					
St.1	8 " 9+	7 " 10+					
" 2	9 " 10+	8 " 11+	11jr. 1m.	99.8	5	1	6
" 3	10 " 11+	9 " 12+	12jr. 1m.	91.3	3	0	3
" 4	11 " 12+	10 " 13+	11jr. 11m.	97.5	9	2	11
" 5	12 " 13+	11 " 14+	13jr. 11m.	89.7	11	1	12
" 6	13 " 14+	12 " 15+	15jr. 11m.	89.9	49	7	56
" 7	14 " 15+	13 " 16+	16jr. 2m.	93.0	57	10	67
" 8	16 " 16+	14 " 17+	16jr. 6m.	100.0	29	6	35
Totale					163	27	190
Persentasies					85.8	14.2	

1. Gegewens verstrek deur die skoolhoof.

Volgens bostaande tabel is die persentasie druipeilinge slegs 14.2 persent.
Dit vergelyk goed met die van gewone skole.

Die aantal en persentasie suksesse wat met algehele rehabilitasie behaal
is, blyk uit tabel 5.

Dit blyk uit die voorgaande tabel dat daar in 1963 uit 'n steekproef van 111 gedesertifiseerde leerlinge 90, of 81.1%, suksesvol gerehabiliteer is. Slegs 16.2% van die betrokke leerlinge se rehabilitasie het misluk, terwyl 'n verdere 2.7% van hierdie 111 leerlinge se rehabilitasie twyfelagtig was. Volgens die skoolhoof kan die persentasie suksesvolle rehabilitasies sedert 1963 op ongeveer 75 persent geskat word.

Dit is derhalwe uit die beskikbare gegewens duidelik dat die Kliniekskool 'n besondere mate van sukses met sy rehabilitasieprogram behaal.

16. Samevatting

Sover moontlik is 'n volledige beskrywing van die Kliniekskool Loopspruit hierbo verstrek, en iedere aspek daarvan sal in 'n latere hoofstuk getoets word aan die norme waaraan 'n kliniekskool behoort te voldoen.